

# Gebedsriglyn

15 September tot 14 Oktober 2019

Johannes 6:44 “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.”

## 15 September – Egipte

Harvesters het onlangs meer as 100 leraars in hierdie Noord-Afrika land opgelei. Hierdie area is baie sensitief en uiters gevaarlik vir Christene. Bid vir ons leraars en hulle gemeentes se veiligheid wanneer hulle uitgaan om verlore siele in hierdie Moslem-land te evangeliseer.

## 16 September – Indië

‘n Aaklige vloed het onlangs verwoesting in Indië gesaai. Die sterftesyfer vir die vloed staan tans op 244 en meer as 1,2 miljoen mense is uit hulle huise ontruim. Bid dat die Harvesters leraars na hierdie mense sal uitreik en die boodskap van hoop van die Evangelie met hulle sal deel.

## 17 September – Kaapstad, Suid-Afrika

Bid vir die Fase B HLT (Harvesters Licensed Trainer) opleiding wat vandag in die Moederstad plaasvind. Ons vertrou dat die Here vir hierdie groep HLT’s sal wys waar Hy hulle wil gebruik om Hom te verheerlik.

## 18 September – Chididi, Malawi

‘n Span van Harvesters het onlangs Bybels na ‘n heuwelagtige en afgeleë area in Chididi, Malawi geneem. Prys die Here vir elke donateur wat hierdie Bybelpasing moontlik gemaak het. Bid saam met ons dat hierdie Bybels gemeenskappe sal verander en verlore siele na Jesus toe sal lei.

## 19 September – Ondjiva, Angola

Ons het onlangs die geleentheid gehad om meer as 100 leraars op te lei en ‘n hele nuwe kerkstroom in Ondjiva te begin. Prys die Here vir hierdie ongelooflike geleentheid om kerke in ‘n land te plant waar die regering poog om te keer dat nuwe kerke geplant word. Niemand kan Jesus Christus stop nie!

## 20 September – Uganda

Ons Harvesters leier in Uganda fokus tans op die vlugtelingskampe in die noorde van Uganda en werk onder die Soedanese vlugteling. Hierdie Soedanese vlugteling is so opgewonde oor Jesus en het regtig

die Harvesters visie aangegryp. Bid saam met ons dat hulle talle kerke oor die Soedanese grens sal plant.

## 21 September – Zimbabwe

Geweldadige proteste het onlangs in Harare en Bulawayo plaasgevind. Bid dat daar weer vrede in hierdie pragtige land sal wees. Ons vertrou dat ons leraars die Evangelie met die verlore siele in Zimbabwe sal deel.

## 22 September – Mombasa, Kenia

Bid dat die deur vir Harvesters sal oopgaan om in hierdie Moslem area te werk. Daar is talle leraars wat baie gretig is om met die kerkplantingsproses in hierdie provinsie te begin. Bid dat die nodige fondse ingevorder sal word om opleiding in hierdie area te laat geskied.

## 23 September – Mianmar

Bid vir die meer as 730 000 Rohingya vlugteling wat noodgedwonge twee jaar gelede uit Mianmar gevlug het. Vra vir die Here om vir hulle wysheid te gee – Mianmar beloof die veilige terugkeer van 3 000 vlugteling. Bid dat ons leraars Jesus se liefde met hierdie vlugteling en ander ongelowiges sal deel.

## 24 September – Malawi

Een van ons Malawiese leiers het onlangs ‘n beroerte gehad. Bid asseblief saam met ons en vertrou dat die Here hom volkome sal genees. Bid dat hy sal kan voortgaan met sy goeie werk en dat sy nalatenskap en impak nie verlore sal gaan nie.

## 25 September – Wes Papua, Indonesië

Daar was onlangs baie geweldadige proteste in hierdie pragtige land. Bid dat hierdie pragtige land weer vreedsaam sal verkeer en dat ons Harvesters leraars die verlore siele met die Evangelie sal bereik. Bid ook dat nuwe gelowiges dissipels sal word.

## 26 September – Benguela, Angola

Bid dat die 50 leraars wat onlangs hulle opleiding deur Harvesters gedoen het, sal uitgaan en kerke in hulle gemeenskappe sal plant. Prys die Here vir hierdie ongelooflike geleentheid om siele vir sy Koninkryk in Angola te wen.

## 27 September – Maleisië

Slegs 9% van die Maleisiese bevolking is Christene. Vertrou die Here dat ons werk hier sal groei en dat ons die verlore siele in hierdie pragtige land sal

bereik. Bid dat ongelowiges in Maleisië die Waarheid sal hoor en dat die Waarheid hulle sal vryspreek.

### **28 September – Venezuela**

Daar is 'n massiewe krisis in hierdie land. Miljoene mense het onlangs die land verlaat. Bid dat mense in hierdie pragtige land weer hoop sal kry. Vra vir die Here om hierdie leraars te versterk wanneer hulle uitgaan om siele tydens hierdie krisis te wen.

### **29 September – Mali**

Die geweld tussen die Fulani en Dogon etniese groepe ruk hand uit en niemand weet wanneer dit gaan eindig nie. Ons werk hier is nog ver van klaar. Bid dat die Heilige Gees in die harte van ongelowiges in Mali sal werk en dat hulle na Christus sal draai.

### **30 September – Tsjad (Chad)**

'n Noodtoestand is in die ooste van Tsjad verklaar nadat meer as 50 mense vermoor is as deel van 'n etniese moordslagting. Bid dat ons Harvesters leraars die liefde van Jesus met hierdie verlore siele sal deel. Iemand wat vir Jesus ken, sal nie iemand anders se lewe neem nie.

### **1 Oktober – Port Elizabeth, Suid-Afrika**

Ons prys die Here vir hierdie spesiale groep HLT's wat vandag hulle Fase B opleiding voltooi. Bid saam met ons dat hierdie groep HLT's met nuwe passie en ywer sal uitgaan om in een van die meer as 60 lande te werk waar Harvesters tans leraars oplei.

### **2 Oktober – Nampula, Mosambiek**

Prys die Here vir die Fase B opleiding wat vandag in Nampula plaasvind. Meer as 100 leraars sal vandag opleiding in hierdie Moslem area ontvang. Dit is 'n baie sensitiewe area waar ons kerke plant. Dit is die mees dig bevolkte area in Mosambiek en ons het 'n gulde geleentheid om hier kerke te plant. Bid dat die naam van ons Here Jesus Christus in hierdie streek verheerlik sal word.

### **3 Oktober – Port Elizabeth, Suid-Afrika**

'n Groep HLT's voltooi vandag hulle Fase E opleiding. Prys die Here vir hierdie geleentheid om individue toe te rus met opleiding in evangelisasie en dissipelskap. Bid saam met ons dat hulle God se roeping op hulle lewens sal gehoorsaam.

### **4 Oktober – Colombië**

Colombië ervaar steeds 'n massiewe dwelmprobleem. Daar is talle mense wat dwelms kweek en produseer. Bid dat ons leraars die onbereikte siele sal bereik en die wonderlike nuus van die Evangelie met hulle sal deel.

### **5 Oktober – Etiopië**

Etiopië is die mees strategiese land in die Horing van Afrika vir kerkplanting. Die groep leraars wat ons oplei is regtig passievol oor Jesus. Bid saam met ons dat hulle sal voortgaan met hulle wonderlike werk en talle kerke in hulle gemeenskappe sal plant.

### **6 Oktober – Zanzibar, Tanzanië**

Hierdie tropiese eiland het dringend die Evangelie nodig. Radikale Islamitiese groepe wil 'n Islamitiese

staat stig wat die hele eiland en 'n groot deel van die land (Tanzanië) sal insluit. Bid dat ons leraars hierdie radikale Moslems met die Evangelie sal bereik.

### **7 Oktober – Senegal**

Slegs 4% van die Senegalese bevolking is Christene. Ons het jou gebede dringend nodig om hierdie pragtige land te verander. Bid dat die Moslem houvas op hierdie land tot 'n einde sal kom en dat hierdie verlore siele die liefde van Jesus sal ervaar.

### **8 Oktober – Durban, Suid-Afrika**

Prys die Here vir die geleentheid om vir die heel eerste keer HLT's in hierdie pragtige stad op te lei. Hierdie HLT's het die geleentheid om hulle Fase A opleiding te voltooi. Bid dat hulle geïnspireer sal wees om dissipels vir ons Here Jesus Christus te maak.

### **9 Oktober – China**

Jy het dalk al gehoor dat die Kerk in China die mees vinniggroeiende kerk ter wêreld is. Wat jy egter dalk nie weet nie, is dat ons broers en susters in China verskriklike vervolging deurmaak vir hulle geloof. Bid dat ons leraars in China versterk sal word om die verlore siele in hulle land met die Evangelie te bereik.

### **10 Oktober – Somalië**

Hierdie land is een van die gevaarlikste plekke vir 'n Christen om in te woon. Harvesters het onlangs leraars in Etiopië opgelei wat die potensiaal het om kerke in Somalië te plant. Bid dat hulle sal uitgaan en die Evangelie in Somalië ook sal verkondig.

### **11 Oktober – Argentinië**

Hierdie kleurvolle Suid-Amerikaanse land het slegs 9% Christene wat in Jesus se Groot Opdrag glo. Die Kerk in hierdie land moet dringend groei en die ware Evangelie moet gedeel word. Bid saam met ons dat die Harvesters kerkstrome in hierdie land van krag tot krag sal groei.

### **12 Oktober – Kambodja (Cambodia)**

Meer as 97% van hierdie tropiese land se bevolking is Boeddhiste en het ons volgehoue gebede nodig. Bid asseblief saam met ons vir die Harvesters leraars. Vra vir die Here om vir hulle die nodige wysheid en krag te gee om die verlore siele in hulle gemeenskappe te bereik.

### **13 Oktober – Sri Lanka**

Ons het nog baie werk om te doen in hierdie Asiese land waar daar slegs 1,3% Christene is wat glo dat die Groot Opdrag uitgevoer moet word. Bid dat God werklik die deur vir Harvesters sal oopmaak om kerke in hierdie land te plant en die verlore siele met die Evangelie te bereik.

### **14 Oktober – Japan**

Die Christen bevolking in Japan is van die kleinste ter wêreld. Minder as 1% van die Japanese bevolking is Christene. Bid dat ons broers en susters die liefde van Jesus en die ware Evangelie met ongelowiges in Japan sal deel. 🙏